# JEUGSEL 22 Maart 2017
# WAPENRUSTING – Opsomming

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. OPSOMMING:

Ons het die wapenrusting oor die afgelope paar weke behandel, en ek hoop regtig dat julle baie daaruit geleer het. Vanaand gaan ons gou weer deur al die dele van die wapenrusting net om dit gou vas te lê. Ons gaan dit doen d.m.v. speletjies.

## 3. SPELETJIES:

**HELM VAN VERLOSSING**

| |
|---|
| **Speletjie 1: Musical hats**<br>- Gee vir elke groep 'n hoed.<br>- Speel musiek en hulle moet die hoed opsit en dan weer afhaal en vir die volgende persoon gee.<br>- As die musiek stop en jy het die hoed aan, dan is jy uit.<br>- Speletjie hou aan tot daar net een kind in die groep oor is. |
| **Proscess die speletjie**: Die speletjie laat ons dink aan die helm van verlossing wat ons moet aanhê om ons gedagtes te beskerm. |
| **In julle groepe**: Bespreek in julle groepe - Wat is Verlossing? |

**SKOENE VAN BEREIDHEID**

| |
|---|
| **Speletjie 2: Een been bal gooi**<br>- Elke groep kry 'n stuk papier waarmee hulle 'n bal moet rol.<br>- Die leier staan in die middel en die kinders in 'n kring rondom hom/haar.<br>- Die leier mag op altwee voete staan, maar die kinders mag slegs op een been staan.<br>- Die leier gooi die bal na die eerste kind en daardie kind moet die bal vang op net die een been.<br>- Dan gooi die kind dit terug na die leier.<br>- Die speletjie gaan so aan totdat elkeen 'n beurt gekry het |
| **Proscess die speletjie** Die speletjie laat ons dink daaraan dat ons altyd ons skoene van bereidheid moet aanhê om die evangelie van vrede te verkondig sodat ons nie sal gly nie, maar stewig sal bly staan |
| **In julle groepe**: Bespreek in julle groepe – Wat is die Evangelie van Vrede? |

**SKILD VAN GELOOF**

| |
|---|
| **Speletjie 3: Lyf vorms**<br>- Kinders moet die volgende vorms met hul lywe maak as 'n groep:<br>- driehoek, sonbril, 'n skild/shield, boom |
| **Proscess die speletjie** Jesus is ons skild. Ons kan weet dat ons altyd op God kan vertrou en dat Jesus ons beskerm. Ons hoef nie bang te wees nie. |
| **In julle groepe**: Bespreek in julle groepe – Wat is Geloof? |

**SWAARD VAN DIE GEES**

| |
|---|
| **Speletjie 4: Servet blaas**<br>- Gee vir een kind in elke groep ‘n servet.<br>- Speel ‘n liedjie en vir die volle tyd van die liedjie moet die hele groep die servet in die lug hou deur dit net te blaas. |
| **Proscess die speletjie** Die speletjie laat ons dink aan die swaard van die Gees. Wanneer die Satan kom met leuens, moet ons die dinge wat ons lees in die Bybel reg in ons monde hê om die Satan te laat vlug**.** |
| **In julle groepe**: Bespreek in julle groepe – Wat is die Swaard van die Gees, en hoe gebruik ek dit? |

**GORDEL VAN DIE WAARHEID**

| |
|---|
| **Speletjie 5: Vinger in die oor (nie eintlik ‘n speletjie nie, ons speel ‘n trick op kinders)**<br>- kinders in ‘n sirkel staan.<br>- Laat kinders hul duim saggies in die persoon aan hul regterkant se oor sit.<br>- Vra: ken julle die reels van hierdie speletjie?<br>- Sê dan: ek ook nie! Hulle is al in ‘n vorige les so uitgevang en sal verstaan. |
| **Proscess die speletjie** Die speletjie laat ons dink aan die gordel van die waarheid. Die Satan wil ons uitvang, leuens vertel, om ons die verkeerde pad te laat stap. Ons moet altyd weet wat in die Bybel staan en daaraan vashou sodat ons nie sy leuens sal glo nie. |
| **In julle groepe**: Bespreek in julle groepe – Wat is die Waarheid, en waar kry ons dit? |

**BORSHARNAS VAN GEREGTIGHEID**

| |
|---|
| **Speletjie 6: Mnr Snake**<br>- Begin deur al die kinders aan die een kant van die kerk te hê met een persoon met die mikrofoon aan die ander kant.<br>- Hulle sit agter ‘n lyn wat die “veilige deel” is.<br>- Die kinders moet verby die veilige lyn beweeg na Meneer Slang toe.<br>- Die leiers gaan catchers wees.<br>- Die kinders moet roep Meneer Slang wat doen jy vandag?<br>- Meneer Slang sal dan iets antwoord wat of goed of sondig is.<br>- Wanneer dit sondig is, moet die kinders terug hardloop tot agter die veilige lyn sonder dat die catchers hulle vang.<br>- As dit ‘n mooi antwoord is, kan hulle aanhou beweeg en weer die vraag herhaal. |
| **Proscess die speletjie** Die speletjie laat ons dink aan die Borsharnas van geregtigheid. Wanneer ons vir Jesus kies en nie die wêreld nie, is ons nou **reg** met God. Ons is skoon van sonde. Nou moet ons aanhou reg leef en wegdraai van verkeerde dinge. |
| **In julle groepe**: Bespreek in julle groepe – Wat is Geregtigheid en Vryspraak? |

So die vraag is nou: Het julle hierdie wapenrusting aan en is julle reg vir die geveg? Jy kan slegs hierdie klere aantrek as jou hart aan Jesus behoort. Watter klere het jy aan vandag?

## 4. Sluit af met gebed in jull groepe en kry julle selfone.